LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad:www.laervolkskool.co.za

17-01-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 1 VIR 2018

1 **WELKOM TERUG**:

Baie welkom terug aan elke ouer en elke leerder. Mag 2018 jaar werklik 'n jaar wees waar ons kinders gaan groei en die beste van die jaar mag ervaar. Laer Volkskool Heidelberg kan net bereik dit wat u as ouer ons help en ondersteun. U as ouer bepaal die rigting, gees en gesindheid van ons skool.
Om seker te maak dat ons leerders die beste voordeel trek uit alle situasies en geleenthede vir 2018 wil ons graag elke ouer uitnooi om deel te wees van al ons skool se aktiwiteite. Dit is keer op keer bewys dat kinders se selfvertroue verbeter waar ouers deel is van 'n skool se strukture. Dit is vir ons ontsettend belangerik dat ons ouers gelukkig is by Laer Volkskool. 'n Gelukkige ouer het verseker ook gelukkige kinders. Gelukkige kinders hanteer situasies baie makliker en ervaar skool baie positief.

Ons nooi ook al ons ouers uit om enige onduidelikhede en situasies by die skool te kom bespreek. Enige lid van die skool se bestuurspan is beskikbaar om u behulpsaam te wees met navrae of onduidelikhede. Probleme of misverstande kan slegs by die skool opgelos word. Kom ons hanteer enige potensiële misverstande of situasies dadelik.

Ons ontvang jaarliks versoeke vir Whatsapp groepe. Ons beleid by die skool is dat geen onderwyser op groepe mag reageer of deelneem nie. Ons verkies om eerder direkte kommunikasie met ons ouers te gebruik want dit verhoed enige misverstand of verkeerde persepsies. Daar is wel groepe vir klasse en sportspanne gestig, maar dit word slegs gebruik vir deurgee van inligting.

Ons spring reeds met 'n klomp aktiwiteite weg vir die kwartaal. Ons **HUISSPORT** vind plaas op **Vrydag 19 Januarie 2018 te Hoër Volkskool Heidelberg vanaf 08:00**. Ons huissport vind plaas in die vorm van 'n byeenkoms in samewerking met ons Hoërskool teen Wilgerivier. Al ons leerders kry nog steeds geleentheid om deel te neem aan al die aktiwiteite. Ons gaan ook vanjaar weer ons leerders die geleentheid bied om op die pawiljoen te sing en hul maats aan te moedig. Dit word beskou as 'n normale skooldag en register gaan geneem word. Alle Gr 4 tot Gr 7 leerders moet asseblief die byeenkoms bywoon. Die program is reeds beskikbaar vir Vrydag.

Ons het **Saterdag, 20 Januarie 2018** ons eerste **OUERDAG**. Kom woon asseblief die geleentheid by om 09:00. Dit word spesiaal gereël sodat u die geleentheid kry om u kind se onderwysers te ontmoet en te gesels oor u kind. Dit is ook belangrik om as 'n span saam te werk tot voordeel van u kind. Ons gasspreker by die geleentheid is Dr. Danie Brink van Helpende Hand.

Om vir ons kinders die beste voordeel te bied om 2018 die beste te wees wat hy kan wil ons graag ook die volgende gedagtes met u deel.

1. Wees asseblief positief oor ons skool.
2. Wees deel van ons aktiwiteite
3. Kom ons voed ons kinders op deur ons voorbeeld. Ons kinders volg ons voorbeeld en nie dit wat ons predik nie.
4. Kyk gereeld na u kind se werk. 'n Laerskool kind werk net vir sy ouers en juffrou en meneer. Hoe meer ons belangstel en positiewe insette lewer, hoe harder werk ons kinders.
   Beleef saam Laer Volkskool 'n wonderlike 2018. Al die aktiwiteite en geleenthede wat gereël word, word gedoen om vir as ouer en leerder geleenthede te bied. Gebruik en ervaar elke dag.

2 **WELKOM AAN DIE NUWE ONDERWYSERS**:

Baie welkom aan ons nuwe onderwysers by die skool nl. Mnr Stiaan van der Hyde (Gr 5S); Juf Marlize Nothnagel (Gr 2C); Juf Hendi Marshall (Gr RR) en
Juf Le-Lanie de Beer (Gr RL).

3 **NASKOOLSENTRUM**:

- Die Naskoolsentrumleerders moet asb. almal weer inskryf. Vorms is beskikbaar by die naskooltannies of Navraekantoor.
- Indien u naskoolrekening agterstallig is vir 2017, kan u kind nie weer ingeskryf word vir 2017 alvorens agterstallige rekening op datum is nie.

4 **BELANGRIKE DATUMS VR 2018:**

Skool begin vir leerders	17 Januarie
Ouerdag	20 Januarie om 09:00 op die rugbyveld
Huissport	19 Januarie - Hoër Volkskool se velde om 09:00
Atletiek:	
Huissport	19 Januarie 2018 - HVH
Christiaan Beyers	23 Januarie 2018 - HVH
Fonteine	26 Januarie 2018 - DP de Villiers stadion
Emfulenipark	30 Januarie 2018 - DP de Villiers stadion
Van Riebeeckpark	1 Februarie 2018 - Weg
Vryheidsmonument	8 Februarie 2018 - HVH
Vaalpark	10 Februarie 2018 - DP de Villiers stadion
Heidelberg Kampioenskappe	13 Februarie 2018 - HVH
D7	20 Februarie 2018 - DP de Villiers stadion

5 **ATLETIEK 2018**:

KLEREDRAG:

- Vrydag, 19 Januarie trek **ALMAL HUL VOLKIE-VRYDAGDRAG** aan of skool-atletiekdrag, vir die wat deelneem. Die "Ski-pants" moet asb groen wees, en direk na deelname word die Volkiebroek weer bo-oor aangetrek.

VERLOOP VAN HUISSPORT:

- Al ons Graad 1 leerders meld om 07:30 aan by Hoër Volkskool se rugbyveld by jou betrokke klas se Gazebo agter die 100m merk.
- Graad 2-3 leerders wat nie gaan deelneem nie, het 'n gewone skooldag by Laer Volkskool, hier sal personeel wees.
- Graad 2-3 leerders wat wel deelneem, meld om 07:30 aan by die pawiljoene van Hoër Volkskool.
- Al die Graad 4-7 leerders, atlete en nie-atlete, meld om 07:30 ook aan by die pawiljoen van Hoër Volkskool.
- Nie-atlete se ouers mag hulle om 13:00 kom afhaal by Hoër Volkskool se pawiljoene.

- Geen leerder mag op die rugbyveld wees as hy/sy nie deelneem nie. Almal sit op die pawiljoene tot hulle geroep word vir opwarming van hul items. **REDE: DAAR IS SPIESGOOI EN DISKUS - GEVAAR OP DIE VELD.**
- **0/12 EN 0/13 LEERDERS MAG AAN SPIESGOOI EN DISKUS DEELNEEM INDIEN HULLE SOU WOU. Spiesgooi 0/12 - 11:30 en 0/13 - 12:30 EN Diskus 0/12 - 13:30 en 0/13 - 15:30.**
- VRYDAG IS 'N GEWONE SKOOLDAG.

6 **SKOOLUITKOMTYE**:
Skool begin daagliks om 07:25. Maandag tot Donderdag verdaag:
..... die Gr RR, R, 1 & 2 - om 13:00
..... die Gr 3 - 7 - om 13:50
Vrydag verdaag die skool om 13:15.

LET WEL: DIE GRAAD R EN GRAAD 1 LEERDERS SAL TOT DONDERDAG, 18 JANUARIE OM 12:00 VERDAAG.

7 JAARBLAD:
Alle laat bestellings vir 2017 se Jaarblad kan nog tot 31 Januarie geplaas word met betaling by Mev Chrisna Meyer in die finansieskantoor. Koste beloop R170 per boek.

8 **KLEREBANK**:
Ons versoek ouers om asb alle skoolklere wat u nie meer gebruik nie vir ons Klerebank te skenk .

9 **OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS:**
Ouers word versoek om asb die leerders net op- of af te laai by die skool. Ons het baie leerders en ouers wat geakkomodeer moet word by die parkeerplekke by die hekke. Neem mekaar in ag asb!

10 **VRYSTELLING VAN SKOOLGELDE:**
Ouers wat belangstel om aansoek te doen vir vrystelling van skoolfonds, moet asb. **PERSOONLIK** die vorms in die Finansieskantoor kom **AFHAAL EN INHANDIG** voor einde Februarie 2018. Vorms gaan nie aan die leerders uitgedeel word nie. Ouers wat leerders in pleegsorg het of deur die hof in pleegsorg geplaas is, moet ook asb. vir rekorddoeleindes 'n vrystellingsvorm invul. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

11 **SKOOLGELDE VIR 2018:**

Gr. RR & R:

* 1ste kind - R1 030 p.m. vir 11 maande = R11 330
* 2de kind - R900 p.m. vir 11 maande = R9 900
* 3de kind - R780 p.m. vir 11 maande = R8 580

EENMALIGE BETALING		**DEBIETORDER (11 maande)**
Voor 31 Desember 2017	Voor 1 Maart 2018	Vanaf 1 Januarie 2018 tot 30 November 2018
5 % 1ste = R10763-50 2de = R9405 3de = R8151	2,5 % 1ste = R11046-75 2de = R9652-50 3de = R8365-50	2,5 % = (1ste kind = R1004-25 p/m)
		2,5 % = (2de kind = R877-50 p/m)
		2,5 % = (3de kind = R760-50 p/m)

Gr. 1-7:

- 1ste kind - R930 p.m. vir 11 maande = R10 230
- 2de kind - R800 p.m. vir 11 maande = R8 800
- 3de kind - R680 p.m. vir 11 maande = R7 480
- 4de kind - Gratis

EENMALIGE BETALING		DEBIETORDER (11 maande)
Voor 31 Desember 2017	Voor 1 Maart 2018	Vanaf 1 Januarie 2018 tot 30 November 2018
5 %	2,5 %	2,5 % = (1ste kind = R906-75 p/m)
1ste = R9718-50	1ste = R9974-25	2,5 % = (2de kind = R780 p/m)
2de = R8360	2de = R8580	2,5 % = (3de kind = R663 p/m)
3de = R7106	3de = R7293	

a Betaal volle 2018 skoolgeld voor 31 Desember 2017 en kry 5% korting.
b Elektroniese betalings kan ook gedoen word.
ABSA Heidelberg Reknaam: Volkskool Skoolfonds
Reknommer: 500940034 Takkode: 334143
Verwysingsnommer: (**Rekeningnommer op die staat)**
c Betaal volle 2018 skoolgeld voor 1 Maart 2018 en kry 2,5% korting.
d Betaal per debietorder en kry 2,5% afslag en betaal oor 11 maande.
e Neem kennis dat alle kortings 'n vergunning is vanaf die BL en nie 'n gegewe nie.
f Alle rekeninge (skoolfonds en naskool) word per e-pos uitgestuur en indien u 'n harde kopie wil ontvang, kontak vir Mev Chrisna Meyer by die skool (0163416216x3).

LALIE BOEKE:
Die Graad 1-3 leerders ontvang 'n ekstra werkboek vir R140 wat op u skoolfondsrekening gedebiteer sal word. U is welkom om by die kantoor te kom betaal.

12 **KULTUURAAND**:
Neem kennis dat daar nog kaartjies beskikbaar is vir ons Kultuuraand vanjaar!
Datum: 16 Februarie 2018 Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: Lezar Drag: Formeel
Koste: R350 per persoon Gaskunstenaars: Coenie de Villiers
Kaartjies: Beperkte aantal sitplekke is nog beskikbaar by Mev Chrisna Meyer in die kantoor.

13 **HUISWERKBOEKIES**:
Leerders ontvang 'n huiswerkboekie waarvoor hulle asb. R20 moet inbetaal. Hierdie huiswerkboekies MOET ELKE DAG by die skool wees vir kontrole en inskrywings.
Alle belangrike inligting, is opgeteken in die hierdie uitstekend saamgestelde boekie.

14 **KOMMUNIKASIE VANAF DIE SKOOL**:
Kommunikasie na ons ouers geskied op die volgende wyses:
- Skool se webwerf is www.laervolkskool.co.za
- School Communicator link - www.school-communicator.com/download.php.
  Kies die skool - Laer Volkskool Heidelberg en volg die instruksies vir u rekenaar/ SLIMFOON. ***HIERDIE "APP" IS BAIE BELANGRIK, WANT DIT GAAN GEBRUIK WORD VIR DRINGENDE KOMMUNIKASIE NA U AS OUER.***
- Ons Facebook-adres is:
  http://www.facebook.com/pages/Laer-Volkskool-Heidelberg/114981885345721
- Indien u verkies om die skool omsendbriewe per epos te ontvang, stuur asb u kind/ers se naam en graad per epos na sekretaress@laervolkskool1.co.za of 'n nota na die registeronderwyser.
- ***Ons versoek asb geen WhatsApp groepe nie. Kontak vir Heléne indien u 'n boodskap wil uitstuur.***

15 **REDENAARS:**
- Ons skoolredenaars vir om die draai. Hierdie jaar se temas is as volg:
  Junior redenaars: 6 Februarie 2018 EN Senior redenaars : 7 Februarie 2018
- Leerders wat wil deelneem moet voor of op 26 Januarie 2018 hulle name vir Juf Lizelle (Jnr) en Juf Madeleine (Snr) kom gee. Jou tema en onderwerp is baie belangrik.

- Temas:

Graad 1 tot Graad 3	Graad 4 tot Graad 5	Graad 6 tot Graad 7
Goud Druppeltjies Miere (2-4 minute)	Smaak Vingers Drup (3-5 minute)	Uurglas Hoop Teken (4-6 minute)

16 **VOLKIE VERE KLEREWINKEL:**
Sekere van ons klere is tans uit voorraad. Die fabrieke het 15 Januarie 2018 geopen en is tans besig met ons bestellings. Ons verwag ons eerste besending voorraad vanaf 29 Januarie. Jammer vir die ongerief. Ons hou is op hoogte.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF